

# FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

*Prof Yusef Waghid*
*Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde*

Die Fakulteit Opvoedkunde is verbind tot die implementering van die Universiteit se strategiese raamwerk, wat die nastrewing van hoopvolle pedagogieë insluit. Die afgelope jaar se suksesse bevestig die Fakulteit se strewe na uitmuntendheid op die gebied van navorsing, onderrig en leer, en gemeenskapsinteraksie. Die Dekaan, die Fakulteitsbestuurder (mnr Chris Liebenberg) en die Administratiewe Beampte vir die Visedekane (mev Sally le Roux) se ontvangs van Rektorstoekennings vir voortreflikheid bevestig dat die Fakulteit uitnemend presteer.

Die Fakulteit is goed op koers om sy strategiese navorsingsdoelwitte vir 2016 te bereik. Die aantal personeel met doktorsgrade het tot 73,3% gestyg. In 2010 was daar weereens 'n bestendige groei in die navorsingsuitsette. Proff Doria Daniels (C3) en Jan Heystek (C2) verwerf vir die eerste keer NNS-graderings en prof Chris Reddy (C3) en dr Berte van Wyk (C3) ontvang met herevaluering NNS-graderings. Tans het 27,27% van die akademici in die Fakulteit NNS-graderings (twee B's, nege C's en een L). Prof Eli Bitzer ontvang 'n toekenning vir die beste referaat by die kongres van die *South African Association for Institutional Research* (SAAIR). Die Rektorstoekenning vir Voortreflike Navorsing is aan prof Lesley le Grange gedoen. Vanjaar is daar ook 11 PhD's toegeken – die tweede meeste tot dusver in die Fakulteit se geskiedenis.

Die Fakulteit het in 2010 die grootste inname in die geskiedenis van die BEd-program gehad. Vanweë beperkte kapasiteit en gehalteversekering is besluit om die BEd-program vanaf 2011 'n keuringsprogram te maak. In die lig van die HOOP Projek is die inisiatief om groter toegang vir leerders uit voorheen benadeelde omgewings te bewerkstellig voortgesit en was daar goeie vordering met die diversiteitsteikens. Om ondersteuning in veral Wiskunde en Fisiese Wetenskappe te bied is Winter- en Lenteskole weer in die Junie- en Septembervakansies en weeklikse Saterdagskole vir 48 leerders gehou. Groot sukses is behaal, aangesien 17 van hierdie leerders in 2011 tot die BEd-program toegelaat sal word. Die Fakulteit se goeie slaagkoers is in al sy onderrigprogramme gehandhaaf.

Die Fakulteitsbestuur het ook 'n strategie daargestel om die Universiteit se HOOP Projek te bevorder. Onder die vaandel van 'n pedagogie van hoop poog die Fakulteit om sy onderrig-en-leer-programme in ooreenstemming te bring met 'n neo-Freireaanse idee van hoop. As deel hiervan sal daar in 2011 'n spesiale uitgawe van die *South African journal of higher education*, 25(1), verskyn.

Die Departement Kurrikulumstudie het die Universiteit se strewe na 'n pedagogie van hoop sonder voorbehoud aanvaar in ooreenstemming met die Departement se eie visie- en missieverklarings, soos ook duidelik blyk uit 'n stel publikasies en gemeenskapsinteraksieprojekte wat voorhande is. Drie projekte in gemeenskappe is die *Keep Books*-geletterdheidsprojek (dr Renée Nathanson), *Media24 Rachel's Angels* (dr Michael le Cordeur) en die Rietenbosch-vleilandherstelprojek (Prof Chris Reddy; kyk bladsy 50).

Die Departement Opvoedingsbeleidstudie, waarin vyf akademici dien, het meer as 15 geakkrediteerde artikels en twee boeke gepubliseer – een van die boeke deur prof Yusef Waghid met die titel *Citizenship education revisited: pedagogical encounters* (Sun Media Stellenbosch, 2010), en die ander deur prof Aslam Fataar, met die titel *Education policy development in South Africa's democratic transition* (VDM Uitgewers, Frankfurt). Twee geakkrediteerde vaktydskrifte, die *South African journal of higher education* en die *Southern African education review*, word deur lede van die Departement geredigeer. Weens die gehalte en omvang van die Departement se lewering van akademiese publikasies is dit 'n leidende sentrum van opvoedingsbeleid in die land.

Die Departement Opvoedkundige Sielkunde het dr Ronelle Carolissen, wat ook vir 'n HELTASA *National Excellence in Teaching and Learning*-toekenning genomineer is, as Medeprofessor aangestel. Marietjie Oswald het haar PhD behaal en prof Daniels het 'n maand as besoekende professor by die Great Lakes Universiteit in Kenia se *Tropical Institute of Community Health* deurgebring. Prof Daniels was een van die hoofsprekers by die Instituut se sewende jaarlikse wetenskaplike kongres, *Innovations towards the achievement of MDGs*.

Die Departement Sportwetenskap is daartoe verbind om sy kundigheid en sterk punte in diens van die gemeenskap te stel. Liggaamlike opvoeding en skoolsport word ondersteun as 'n magtige transformerende werktuig om die lewensgehalte van minderbevoorregte leerders te verbeter. Studente in sportwetenskap het afrigting in vyf sportsoorte by Klapmuts Primêre Skool gedoen en mense met fisieke gestremdhede gehelp om welwees en fiksheid te bereik. Die Departement was verheug om 'n Dartfish-kontrak van $42 000 per jaar te ontvang. Die biokinetika-studente was betrokke by die Matie-rugbyklub en Medi-Clinic-hospitale.